


# 'N WERKGIDS

Saamgestel deur Cecilia Steyn

Nota: Hierdie gids is gratis en mag na goeddunke gekopieer en gebruik word.



# INHOUD:

Inleiding ____________________________________ 4
Eienskappe van 'n boekomslag ____________________ 5
Hoofstuk 1 ___________________________________ 7
Hoofstuk 2 ___________________________________ 10
Hoofstuk 3 ___________________________________ 13
Hoofstuk 4 ___________________________________ 16
Hoofstuk 5 ___________________________________ 18
Hoofstuk 6 ___________________________________ 19
Hoofstuk 7 ___________________________________ 22
Hoofstuk 8 ___________________________________ 25
Hoofstuk 9 ___________________________________ 27
Hoofstuk 10 __________________________________ 30
Hoofstuk 11 __________________________________ 32
Hoofstuk 12 __________________________________ 35
Hoofstuk 13 __________________________________ 37
Hoofstuk 14 __________________________________ 40
Antwoorde op inhoudelike vrae __________________ 42
Bedanking en Biografie _________________________ 50

# INLEIDING

'Die Dodelikste Donuts in die heelal' is gemik daarop om kinders tussen die ouderdom van ses tot nege aan die lees te kry deur 'n opwindende storie, kort hoofstukke en sinne wat maklik lees. Die boek se lewendige illustrasies en **multimodale teks** dra by tot die genot van die leser.

Die doel van hierdie gids is om te verseker dat die kind die volgende kan doen:

- Verstaan wat hulle lees en hoor.
- Kontroleer of die teks vir hulle sinvol is, deur die vrae te beantwoord.
- Die betekenis van woorde in konteks verstaan en kan verduidelik.
- Afleidings van karakters se gevoelens, gedagtes en motiewe kan maak.
- Sin maak van oorsaak en gevolg.
- Karakters kan identifiseer.

Vir elke hoofstuk in die boek is daar inhoudelike vrae, idees vir besprekings, skryfaktiwiteite, taalaktiwiteite, pretaktiwiteite en woordeskatontwikkeling wat verseker dat die gids aan die volgende behoeftes voldoen:

- Luister en praat
- Lees en kyk
- Skryf en aanbied
- Taalstrukture en -konvensies.

# EIENSKAPPE VAN 'N BOEKOMSLAG

Om 'n boek van 'n rak af te haal en daarna te kyk is soos om iemand vir die eerste keer te ontmoet. Dit laat die leser besluit of hy van die boek sal hou of nie. Die voorblad is eintlik al die eerste bladsy van die storie!

## DAAROM IS DIT BELANGRIK DAT:

- Die boek 'n interessante titel / subtitel het.
- Dit die potensiële leser se aandag op die boek vestig. Wat laat jou stop en kyk?
- Dit moet op 'n emosionele vlak met die leser kommunikeer, wat laat dit jou voel?
- Dit moet uniek wees.
- Dit moet 'n duidelike idee gee waaroor die boek dalk mag gaan.

## DIE BOEK SE OMSLAG WORD OPGEDEEL IN DIE VOLGENDE:



## KYK ONDERSOEKEND NA DIE OMSLAG VAN HIERDIE BOEK EN BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE IN JOU WERKBOEK:

1. Wat is die titel van hierdie boek?
2. Maak die voorblad jou nuuskierig?
3. Is die seun op die voorblad bly, bang of kwaad?

## BLAAI NA DIE EERSTE TWEE BLADSYE EN BEANTWOORD DIE VOLGENDE TWEE VRAE:

4. Wie is die skrywer?
5. Wie is die illustreerder?

# HOOFSTUK 1, SUG ...

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Watse nuus gee juffrou Hilda vir die klas?
2. Hoekom hou Wynand nie van die nuus nie?
3. Wat het Wynand se ma vir die vorige koekverkoping gemaak?
4. Wie is Natalie?
5. Waar is Natalie nou?
6. Wat is Wynand se ma se geheim?
7. Wat dink Wynand is die oplossing vir sy probleem?

## BESPREEK:

Gee elke kind in die klas ʼn beurt om te sê wat hulle graag by 'n koekverkoping sal wil verkoop.

## SKRYF:

**Vyf sinne waarin jy die volgende woorde gebruik. Wees kreatief!**

1. Oplossing
2. Superhero
3. Vasgetrek
4. Geheim
5. Opgewonde

## PAS DIE WOORDE WAT MET MEKAAR RYM:

| | |
|---|---|
| A. Lewe | a. Sand |
| B. Lekker | b. Kenner |
| C. Wenner | c. Trekker |
| D. Skool | d. Bewe |
| E. Tand | e. Viool |

## WOORDESKAT:

**Jaarlikse** – Iets wat elke jaar gebeur.

**Entoesiasme** – Bly of opgewonde wees oor iets.

**Uitgedaag** – Om met iemand mee te ding.

**Oplossing** – 'n Antwoord vir 'n probleem.


**Skurk** – Skelm, bedrieër, boosdoener.

**Heelal** – Die hele skepping.

## PRET:

Gebruik karton, papier en 'n krambinder en maak jou eie boek oor 'n superheld. Teken jou eie voorblad en gee die boek 'n titel. Maak jouself die hoofkarakter in jou storie.







# HOOFSTUK 2, MONSTER-MUFFINS

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Hoe spoed Wynand se ma soos 'n tornado deur die kombuis?
2. Wat is sy ma se antwoord op sy voorstel?
3. Watse toebroodjies gee sy vir Wynand om te eet?
4. Wat gaan Wynand se ma maak vir die koekverkoping?
5. Wat wou Wynand eerder gehad het vir nagereg?

## BESPREEK:

Hoe sal jy vir jou ma sê dat haar gebak vir die koekverkoping nie lekker is nie? Of sal jy soos Wynand 'n ander plan maak?
Watse plan sal jy maak?

## DEEL DIE VOLGENDE WOORDE IN LETTERGREPE:

A. Nagereg

B. Koskas

C. Broccoli

D. Bakkery

E. Muffins

F. Aflewer

## WOORDESKAT:

**Stapel** - Ophoop, opmekaarpak.

**Tornado** - Storm met sterk wind en reën. Warrelstorm, werwelstorm, orkaan, sikloon.

**Blitsvinnig** - Baie vinnig.

**Skaam** - Verleë en sleg te voel oor iets.

**Teleurgesteld** - Om hartseer te voel.

**Bakkery** - Plek waar 'n bakker brood, koek, ens. bak.

## PRET:

Teken jou eie monster-muffin!



# HOOFSTUK 3, SJEF SPRINKLES

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek**:

1. Watter webblad trek Wynand se aandag?
2. Hoe lyk Sjef Sprinkles?
3. Wat kos die donuts op die webblad?
4. Noem twee van die geure donuts.
5. Hoeveel donuts bestel Wynand?

## SKRYF:

'n Paragraaf waarin jy vir juffrou vertel van die nuwe geur donut in jou bakkery!

**Hier is 'n paar wenke:**
Watter bestanddele is in jou donut? Piesang? Aarbei? Sjokolade? Koffie? Roomys? Koekies?

Hoe lyk die versiersel op die donut?

Waaraan kan jy nog dink?  Wees kreatief!

## BEPAAL DIE WERKWOORDE IN DIE VOLGENDE SINNE:

1. Ek bestel drie bokse donuts vir die koekverkoping.
2. In my kamer skakel ek my tabletrekenaar aan.
3. Sy wuif haar hand oor 'n tafel vol watertand donuts.
4. Eers huiwer ek.
5. Sy dra 'n hoedjie wat lyk soos 'n donut.

## WOORDESKAT:

**Tabletrekenaar** - draagbare, plat, eendelige rekenaar.

**Wimpers** - Haartjies van die ooglede.

**Meringue** - Soort gebak van geklitste wit van eiers. Skuimkoekie, skuimpie.

**Versend** - Om 'n pakkie weg te stuur of te laat aflewer.

**Koopskakel** - Verwysing na 'n skakel op 'n webblad om iets te koop.

**Kletsrymer** - Iemand wat sing-rym.

## PAS DIE ENGELSE WOORD MET DIE AFRIKAANSE BETEKENIS:

| | |
|---|---|
| a. Change | a. Vars |
| b. Free | b. Manjifiek |
| c. secret | c. Resep |
| d. fresh | d. Verander |
| e. Magnificent | e. Gratis |
| f. Recipe | f. Geheim |

## PRET:

Ontwerp (teken) die tuisblad vir 'n bakkery se webblad.
Idees: Heerlike eetgoed, pryse en koopskakels! Gebruik jou verbeelding!

# HOOFSTUK 4, OEPS!

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Hoekom dra Wynand sy vinnige, rooi tekkies?
2. Beskryf die persoon wat die klokkie lui.
3. Waar is Wynand se ma toe die klokkie lui?
4. Wat is verkeerd met die bestelling?
5. Wat doen Wynand met die bokse donuts?
6. Wie eet 'n donut?
7. Watse leuen vertel Wynand vir sy ma?

## BESPREEK:

Het jy al vir jou ouers gejok? Dink jy dis reg om te jok? Wat sal jou ouers doen as jy vir hulle jok?

## SKRYF:

Kyk na die toneel op bladsy 15 en lees die bladsy. Skryf nou die gebeure in jou eie woorde. Maak seker jy laat jou juffrou lekker lag.

## BEPAAL DIE BYWOORDE IN DIE VOLGENDE SINNE:

a. Musiek speel kliphard in haar ateljee.

b. Met 'n gesukkel prop ek die bokse in my kas.

c. Haastig teken ek vir die aflewering.

d. Ek duik vorentoe om dit uit haar hand te gryp.

e. Die volgende oomblik kan my kas dit nie hou nie.

## WOORDESKAT:

**Balanseer** - Iets in ewewig hou.

**Inspirasie** - Opgewonde raak oor iets. 'n Besieling.

**Meesterstuk** - Kunsproduk van hoë waarde, meesterwerk.

## PRET:

Teken jou eie vinnige rooi tekkies!

# HOOFSTUK 5, VERDUIDELIK

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Dink jy Wynand se ma is kwaad?
2. Verduidelik jou antwoord.
3. Wat is Wynand se straf?
4. Dink jy sy straf moes erger of ligter gewees het?
5. Verduidelik jou antwoord.

## BEPAAL DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORDE IN DIE VOLGENDE SINNE:

A. En wat van my gesonde muffins?
B. Ek sal dit in die nag doen ... met my rooi tekkies aan natuurlik.
C. Ma se groot oë blits.

## PRET:

Hoofstuk 5 is lekker kort.
Lees dit en voer dit in groepe voor die klas op as 'n kletsrym.

# HOOFSTUK 6, KOEKVERKOPING!

EK WEET JY IS HAASTIG OM TE WEET WAT VOLGENDE IN DIE STORIE GEBEUR, MAAR MOET NOG NIE DIE HOOFSTUK LEES NIE!

Kyk eers gou na die illustrasie op bladsy 13.

## BESPREEK:

Die karakters se gesigsuitdrukkings en lyftaal. Wat dink jy voel elkeen van die karakters?

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Op watter dag van die week is die koekverkoping?
2. Wat is langs die donuts op die tafel?
3. Wat noem Wynand die donuts?
4. Wie koop almal donuts?

## SKRYF:

'n Paragraaf waarin jy vir juffrou vertel van 'n koekverkoping. Hier is 'n paar wenke: Was dit op 'n spesifieke dag? Hoeveel mense was daar? Watse eetgoed was alles te koop? Het jy self iets gebak om te verkoop? Was daar musiek en speletjies? Wat was almal se gunsteling stalletjie? Waaraan kan jy nog dink?

## BEPAAL DIE <u>SELFSTANDIGE NAAMWOORDE</u> IN DIE VOLGENDE SINNE:

1. Huiwerig vat hulle aan die donuts.
2. Ouers, Oumas, ooms en tannies staan skielik tou.
3. Al die pad van New York af!
4. Ma pak haar muffins op die tafel.
5. Die reuk van springmielies en spookasem hang in die lug.

## GEE DIE MEERVOUDE VAN:

A. Skool

B. Kind

C. Ril

D. Verkoping

E. Glimlag

F. Skildery

## WOORDESKAT:

**Spookasem** - Wolkerige lekker gespin van suiker, suikerdons.

**Dodelikste** - Baie gevaarlik, baie knap, baie erg, uitmuntend.

**Verdag** - Wat agterdog wek, wat twyfelagtig voorkom, suspisieus is.

**Huiwerig** - Aarselend; bevrees, bang, skrikkerig, lig loop.

## PRET:

Bak self iets en hou 'n koekverkoping in die klas.

# HOOFSTUK 7, CHAOS

## BESPREEK:

Sonder om die hoofstuk te lees, bespreek wat julle dink die hoofstuktitel beteken.

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Wie stamp vir Wynand uit die pad?
2. Wat doen Alita?
3. Het Wynand darem 'n donut geproe?
4. Verduidelik jou antwoord.
5. Wat doen Clint en Zak?
6. Wat noem juffrou Hilda vir Wynand?
7. Wat doen tannie Maryna met haar rekenaarstoel?
8. Was daar iets fout met die donuts?
9. Verduidelik jou antwoord.

# SKRYF:

In hierdie hoofstuk is daar baie uitroepe. Vluglees weer die hoofstuk en skryf twee in jou eie woorde.

Skryf ook die volgende woorde in die korrekte orde neer om sinne te vorm:

a. Taalreëls  oor juffrou Hilda kwaai is so altyd dan.


b. Is voel of planeet ek dit die verkeerde op.

c. Roomys met 'n Alita nader kom.

d. Vol donuts juffrou arm 'n Hilda met staan.

# PRET:

Vang vir juffrou Hilda voordat sy al die donuts opeet!



# HOOFSTUK 8, GROOT MOEILIKHEID

## LEES:

Lees die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:

1. Na wie toe hardloop Wynand?
2. Is hy betyds?
3. Motiveer jou antwoord.
4. Noem twee reëls wat Wynand se ma nie meer toepas nie.
5. Waar kry sy ma die donuts?
6. Wat kondig Sjef Sprinkles aan?
7. Wat is Wynand se plan?

## PLAAS DIE VOLGENDE WOORDE IN ALFABETIESE VOLGORDE:

A. Wêreld

B. Klouter

C. Mond

D. Huiswerk

E. Aflewering

F. Domkoppe

## BESPREEK:

Jy is nie 'n superhero nie. Bespreek wat om te doen as jy alleen is en in die moeilikheid beland.

## SKRYF:

Skryf ' n paragraaf waarin jy vir juffrou vertel watter reëls jy graag wil hê jou ouers moet breek. Verduidelik ook hoekom. Gebruik jou verbeelding en maak dit lekker grapperig.

## PRET:

Ontrafel die kriptogram om 'n sin te vorm:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| re | wê | ëls | le | ga |
| ld | ie | Bin | eek | he |
| ne | br | rt | re | d |
| | ko | an | | |

B_________ ___n ___ ___l_ ______d _e___ _____k

# HOOFSTUK 9, ONVERWAGTE VERSKYNING

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Na watter stad toe hardloop Wynand?
2. Watse silwer kontrapsie verskyn voor Wynand?
3. Wie is in die kontrapsie?
4. Is Wynand bly om die persoon te sien?
5. Hoe weet Wynand Natalie het nie ook 'n donut geëet nie?
6. Waarnatoe vat Natalie vir Wynand?

## BESPREEK:

Wat doen jy as jy kwaad is vir iemand?
Bespreek maniere om konflik te hanteer.

## SKRYF:

'n Brief om vrede te maak met iemand.

## WOORDESKAT:

**Dilemma** - Keuse tussen twee ewe onaangename dinge.


**Lugskip** - Groot, bestuurbare lugballon.

**Kontrapsie** - 'n Masjien of toestel wat vreemd of onnodig ingewikkeld voorkom.

**Katswink** - Flou, bewusteloos.

## PRET:

Blaai om. Kopieer die bladsy en deel dit aan die leerders uit om in hul werkboeke te plak. Geniet die blokraai!




**DWARS**

3. 'n Speletjie wat net twee mense kan speel.
5. Waar Natalie saam met haar ouma bly.
6. Die geluid wat die lugskip maak.

**AF**

1. Rym met pronk.
2. Iets wat nat is.
4. 'n Besigheid wat brood, koek ens. bak.

# HOOFSTUK 10, VREES

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek.**

1. Waarvoor hardloop Wynand en Natalie weg?
2. Hoe klou Wynand aan die bakstene vas?
3. Hoe probeer Natalie haarself beskerm?

## SKRYF:

Kyk na die illustrasie op bladsy 43. Beskryf in jou eie woorde wat in die prent gebeur.

## BEPAAL DIE VOORNAAMWOORDE IN DIE VOLGENDE SINNE:

A. Toe trek hulle haar weg net voor die deur toeglip.

B. Toe ek die lae muurtjie agter my rug voel, snak ek na my asem.

C. Toe hardloop ons teen die kant van die gebou.

D. 'n Vrou gryp haar arms.

## SKRYF DIE VOLGENDE SAMESTELLINGS LOS:

a. seekatsuiers

c. woonstelblok

d. agterdeur

## PRET:

Kyk na die illustrasie op bladsy 43 en maak jou eie illustrasie vir die hoofstuk.

# HOOFSTUK 11, VREESBEVANGE VIR VERSIERSEL

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek.**

1. Waarmee skiet Sjef Sprinkles vir Wynand?
2. Hoe voel dit vir Wynand?
3. Sjef Sprinkles woon in New York, maar wat is haar land van herkoms?
4. Verduidelik hoekom jy so sê.
5. Hoe sleep Sjef Sprinkles vir Wynand in die bakkery in?

## BESPREEK:

Wat sal jy doen as iemand jou ontvoer of gevange hou soos Sjef Sprinkles vir Wynand gevang het?

## GEE DIE TRAPPE VAN VERGELYKING VIR DIE VOLGENDE WOORDE:

A. Lekker

B. Taai

C. Diep

D. Vas

E. Pienk

## WOORDESKAT:

**Aksent** - eiesoortige manier om 'n taal uit te spreek, veral een wat met 'n spesifieke land, gebied of sosiale klas geassosieer word.
**Konsentreer** - fokus al 'n mens se aandag op 'n spesifieke voorwerp of aktiwiteit.

## SKRYF:

Vertaal die Engelse dialoog in hierdie hoofstuk na Afrikaans in jou eie woorde.

# PRET:

Teken jou eie versierselgeweer!

# HOOFSTUK 12, DIE PLAN

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Waar is Wynand nou?
2. Hoeveel kameras is op Sjef Sprinkles gerig?
3. Wat is die vreemde kontrapsie wat Wynand sien?
4. Watse geluid maak die kontrapsie?
5. Wat skiet uit die kontrapsie?
6. Hoe klink Sjef Sprinkles se lag?
7. Wat is Wynand se plan?
8. Wie se stem is Wynand bly om te hoor?

## BESPREEK:

Werklike uitvindsels wat 'n verskil in die wêreld maak of gemaak het.

## SKRYF:

Dink jou eie super-skurk uit en beskryf hom of haar in minder as tien sinne.

## WOORDESKAT:

**Skakelaar** - Toestel om in en uit te skakel, om aan of af te skakel.

**Lugverkoeler** - 'n Toestel of stelsel wat gebruik word om temperatuur in 'n gebou of voertuig te beheer.

**Manipuleerder** - 'n Persoon wat ander op 'n slim of gewetenlose manier beheer of beïnvloed.

**Kokon** - 'n Sysagte omhulsel wat deur die larwes van baie insekte gespin word vir beskerming as papies.

**Hipnotiseer** - 'n Toestand waarin jy lyk of jy slaap, maar steeds kan sien, hoor of reageer op dinge wat vir jou gesê word.

## PRET:

Teken die super-skurk wat jy uitgedink het!

# HOOFSTUK 13, UITEINDELIK

## BESPREEK:

**Moet nog nie die hoofstuk lees nie!** Bespreek gou in die klas wat julle dink volgende gaan gebeur.

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Met wie het Wynand se ma eintlik gepraat?
2. Hoe lyk Sjef Sprinkles se hare nou?
3. Wie duik vir Sjef Sprinkles grond toe?
4. Wat doen Wynand met Sjef sprinkles?
5. Hoekom lyk Sjef Sprinkles nou soos een van haar donuts?
6. Wat noem Natalie vir Wynand?
7. Hoe is Wynand se ma uit hipnose gered?
8. Is Wynand en Natalie nou vriende?
9. Verduidelik jou antwoord?

## BEPAAL DIE LIDWOORDE IN DIE VOLGENDE SINNE EN DUI AAN OF DIT BEPAALD OF ONBEPAALD IS:

a. Die volgende oomblik bars chaos los.

b. Natalie vat 'n houertjie bont sprinkels.

c. 'n Lag glip uit my keel.

d. Sorg dat die res van die wêreld ook daarvan eet.

e. Nog 'n paar donuts.

f. Soos 'n robot begin Ma die donuts in houers te pak.

## WOORDESKAT:

**Robot** - 'n Masjien wat soos 'n mens lyk en in staat is om sekere menslike bewegings en funksies outomaties te repliseer.

**Marathon** - 'n Voetwedloop.

**Sjef** - 'n professionele kok, tipies die hoofkok in 'n restaurant of hotel.

## WOORDSOEK:

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| F | E | J | S | C | V | J | B | C | L | Q | F |
| P | L | P | M | A | H | L | D | E | I | A | D |
| F | Q | V | G | W | E | A | S | B | S | B | M |
| B | M | U | U | R | L | R | O | T | T | A | N |
| S | N | W | T | P | E | D | D | S | U | K | W |
| P | Q | S | G | I | D | T | C | L | N | K | K |
| A | V | M | S | F | I | L | O | Q | O | E | M |
| T | J | R | J | B | B | G | T | B | D | D | B |
| W | E | D | P | O | H | P | U | Y | O | J | Y |
| V | M | S | S | D | C | D | B | U | A | R | V |
| R | O | O | M | Y | S | A | R | E | M | A | K |
| Y | J | M | C | D | L | M | S | H | R | X | J |

| | | |
|---|---|---|
| blerts | chaos | donuts |
| kameras | robot | roomys |
| sjef | spat | versiersel |

## PRET:

Deel in groepe en voer die hoofstuk in die klas op!

# HOOFSTUK 14, NOG DONUTS

## LEES:

**Die hoofstuk en BEANTWOORD die volgende vrae in jou werkboek:**

1. Van watter dorp in die Vrystaat is Sjef Sprinkles eintlik?
2. Waarom is Sjef Sprinkles uit die sjef-skool geskop?
3. Hoe lyk Sjef Sprinkles nou?
4. Wil Wynand nog donuts eet?
5. Verduidelik jou antwoord?

## BESPREEK:

Wat het julle van die boek gedink het? Het julle daarvan gehou? Hoekom/hoekom nie?

## SKRYF DIE VOLGENDE SINNE ONTKENNEND:

A. Sjef Sprinkles is op die voorblad wat Ma na my draai.

B. Ma skuif 'n bord na my.

C. Op die foto lyk Sjef Sprinkles anders.

D. Ek belowe daar is groente in.

## WOORDESKAT:

**Affêre** – 'n Gebeurtenis of gebeure.

**Vyfster** – Van die hoogste standaard.

**Resep** – 'n Stel instruksies vir die voorbereiding van 'n spesifieke gereg, 'n lys van die bestanddele wat benodig word.

## PRET:

Hou 'n piekniek met donuts vir verversings!

# ANTWOORDE VIR INHOUDELIKE VRAE:

## EIENSKAPPE VAN 'N BOEKOMSLAG:

1. Die dodelikste donuts in die heelal.
2. Kind se eie interpretasie.
3. Kind se eie interpretasie.
4. Cecilia Steyn.
5. Johann Strauss.

## HOOFSTUK 1:

1. Dat dit binnekort die skool se jaarlikse koekverkoping gaan wees.
2. Want sy ma kan nie koek bak nie.
3. Klipharde kamma-modderkoekies.
4. 'n Skurk uit 'n superskurk-familie.
5. Op haar ouma se eiland.
6. Sy is 'n super-heldin.
7. Om na die beste bakkery in die heelal te hardloop en daar iets vir die verkoping te koop.

## HOOFSTUK 2:

1. Sy dra haar supersoniese superheldin-tekkies.
2. Sy sê nee. Onder geen omstandighede nie.
3. Komkommertoebroodjies.
4. Spinasie-muffins.
5. Sjokoladekoek.

## HOOFSTUK 3:

1. Concoction Cakes in New York.
2. Sy het pienk en swart hare wat gekronkel is soos 'n meringue. Sy het pienk wimpers en dra 'n hoed wat lyk soos 'n donut.
3. Dit is gratis.
4. Aarbei-ontploffing. Bloubessie-bom. Reënboog Rock-n-Roll.
5. Drie bokse.

## HOOFSTUK 4:

1. Sodat hy vinnig by die voordeur kan kom wanneer die klokkie lui.
2. Dit is 'n donkerkop man met 'n knyperbord.
3. In haar ateljee.
4. Daar is meer donuts as wat hy bestel het.
5. Hy steek dit in sy kas weg.
6. Kolonel, sy hond.
7. Dat die aflewering van 'n anonieme persoon kom wat hulle wou bedank vir hul heldhaftige werk met die Naude's.

## HOOFSTUK 5:

1. Ja.
2. Sy staan met haar hande in haar sye. Haar oë blits. Sy tik haar voet.
3. Hy moet die gras sny vir die volgende maand.
4. Kind se eie interpretasie.
5. Kind se eie interpretasie.

## HOOFSTUK 6:

1. Vrydag.
2. Die spinasie-muffins.
3. Die dodelikste donuts in die heelal!
4. Kinders, ouers, oumas, ooms, tannies.

## HOOFSTUK 7:

1. Wikus.
2. Sy gooi 'n roomyspapier op die grond.
3. Nee.
4. Daar is net krummels oor.
5. Hulle kyk wie kan die hardste winde opbreek.
6. Sproetgesig.
7. Sy tol in die rondte.
8. Kind se eie interpretasie.
9. Kind se eie interpretasie.

## HOOFSTUK 8:

1. Sy ma.
2. Nee.
3. Kind se eie interpretasie.
4. Gesond eet en huiswerk doen.
5. Dit is by die huis afgelewer.
6. 'n Donut-eet-marathon.
7. Hy wil vir Sjef Sprinkles keer.

**Kriptogram antwoord**: Binnekort gaan die hele wêreld reëls breek.

## HOOFSTUK 9:

1. New York.
2. Kontrapsie, soos 'n lugskip.
3. Natalie.
4. Nee.
5. Want sy eet gesond.
6. Na die bakkery, Concoction Cakes.

**Blokraai:** Dwars: 3 - Skaak, 5 - Eiland, 6 - Sjoesh
Af: 1 - Tronk, 2 - Water, 4 -  Bakkery

## HOOFSTUK 10:

1. 'n Skare mense wat donuts geëet het en vir hulle ook wil laat eet.
2. Sy tekkies wat werk soos seekatsuiers.
3. Met karate-kappe.

## HOOFSTUK 11:

1. 'n Versierselgeweer.
2. Asof hy in 'n bondel kougom vasgevang is.
3. Suid-Afrika.
4. Want sy praat skielik Afrikaans.
5. Met die suigaksie van die versierselgeweer.

# HOOFSTUK 12:

1. Teen die muur in 'n versierselkokon.
2. Twee.
3. 'n Pienk kanon.
4. Watse geluid maak die kontrapsie?
5. 'n Gons-geluid.
6. Snaakse golwe en strale.
7. Soos'n kekkel.
8. Hy gaan die lugverkoeler warmer stel en sy versierselkokon smelt.
9. Sy ma.

## HOOFSTUK 13:

1. Met Sjef Sprinkles.
2. Soos 'n roomys wat begin smelt.
3. Wynand se ma.
4. Hy spuit haar teen die vloer vas met haar versierselgeweer.
5. Natalie het sprinkels op haar kop gegooi.
6. Super-zero.
7. Met haar spinasie-muffins.
8. Nee.
9. Want Natalie sê so en Wynand hoop sy gaan reguit terug na haar eiland toe.

## HOOFSTUK 14:

1. Parys.
2. Donuts is nie eintlik vyfster-gebak nie.
3. Soos 'n onversierde koek. Sonder grimering en haar hare is plat.
4. Beslis nie!
5. Hy soek eerder iets met broccoli.

**DANKIE DAT JY VAN HIERDIE GIDS GEBRUIK GEMAAK HET! EK HOOP DIT HET JOU EN JOU LEERLINGE SE HORISONNE VERBREED EN DAT JULLE JULSELF GATE UIT GENIET HET!**

*Cecilia Steyn*

Cecilia is in Welkom in die Vrystaat gebore. In 2017 verruil sy haar werk as takadministreerder van 'n gemeenskapsapteek vir die van skrywer. Sy beskou Ma-wees van twee wonderlike seuns haar grootste sukses in die lewe. Sy woon tans in die Oos-Kaap saam met haar man, waar die karakters in haar stories nou die leemte in haar leë nes vul. Sy is baie lief vir die natuur, diere en die see. Cecilia is die suster van gewilde skrywer, Fanie Viljoen.

www.ceciliasteyn.co.za